

**9 September**

**Skrifgedeelte: Psalm 122, 123  
Fokusgedeelte: Psalm 122:1,2**

**Ek is bly as ek opgeroep word om die Here te gaan dien!**

Destyds het dit groter opofferings as deesdae geverg om die Here in 'n erediens te gaan dien. Baie gelowiges het ver van die tempel af gewoon en moes ure of dae reis om by die tempel te kom. Hierdie pelgrimstog het oor ruwe terrein gestrek en die reisigers moes allerhande gevare soos rowers en wilde diere en hitte en koue en dors trotseer. Dit is dan wanneer hulle die pelgrimsliedere gesing het wat opgeteken is in Psalm 120–134.

As die digter opgeroep word om die moeilike tog aan te pak, dan opper hy nie allerhande verskonings soos “dit is te ver” of “dit is te gevaarlik” of “dit gaan te veel opofferings verg” nie. Nee, hy jubel dit uit: “Ek was bly toe hulle vir my gesê het: “Kom ons gaan na die huis van die Here toe.” En nou is ons hier binne-in jou, Jerusalem!” En dan besing hy die lof van Jerusalem en bid dat die stad vrede mag hê, want dit is waar die tempel is en waar die volk die Here moet dien.

Vandag beteken kerk toe gaan vir die meeste mense 'n paar minute se ry in 'n motor en die meeste mense is binne twee ure uit en tuis. Maar luister net na al die verskonings om nie te gaan nie! Kom ons vervang liever die verskonings met die gesindheid van: “Ek was bly toe hulle vir my gesê het: “Kom ons gaan na die huis van die Here toe!”

*Sing: Psalm 122:1,2*

*Ds HPM van Rhyn (Wilropark)*